AFRIKAANSE CHRISTEN KERK VAN NEW ZEALAND (North Shore)
VISIE VAN ONS GELOOFSFAMILIE

ONS VISIE-SLAGSPREUK	
Ons geloofsfamilie is jubelende draers van Jesus se liefde en lig	
ONS ROEPING	
Ons gemeente het 'n Roeping in hierdie land waarheen die Here ons gelei het: **Om die mees liefdevolle en uitreikende Christelike tuiste in New Zealand te wees vir gemeentelede, hulle familielede en vriende,** **asook vir soekers in ons gemeenskap**	
ONS WAARDES	
1	Ons dien en loof God-Drie-Enig jubelend, gelei deur Sy Woord soos vervat in die Bybel, en onder leiding van die Heilige Gees
2	Ek bely Jesus Christus as my persoonlike Saligmaker, en word meer en meer soos Hy, sodat ek reg sal wees wanneer Hy weer kom
3	Ek strewe na opregte geloofservaring en gee erkenning aan verskillende generasies en elkeen se unieke styl van aanbidding en belewing van God
4	Ek wil graag geestelik groei en ontwikkel, en toegerus word vir diensbaarheid en dissipelskap, volgens Jesus se voorbeeld van leier wat dien
5	Ek reik met my hart en hande uit na elkeen in ons geloofsfamilie en na my medemens in die gemeenskap, met warmte, liefde en aanvaarding
6	Ek onderneem om aktief by te dra tot ons geloofsfamilie se doelstellings, volgens my talente, gawes en inspirasie, en bou saam aan die uitlewing van ons drome
7	Ek beoefen en ondersteun te alle tye oop, deursigtige en deelnemende kommunikasie

STRATEGIESE DOELSTELLINGS – Dit wat ons moet bereik om ons Roeping te vervul	
1	**Skep ”Cool” Geestelike Tuiste Vir Jeug en Jongmense** Ons Jeug en hulle maats se spesiale behoeftes is vir ons van oorweldigende belang, en ons versit berge om vir hulle ‘n veilige dog opwindende ('cool') geestelike tuiste te bied
2	**Plaaslike Evangelisasie** Ons doen aktiewe bemarking en evangelisasie onder Afrikaanssprekende soekers en buite-kerklikes in ons omgewing - hulle vind 'n geestelike tuiste by ons
3	**Toenemend Tweetalig Vir Langtermyn Relevansie** Engelssprekende familie en vriende van gemeentelede vind ‘n geestelike tuiste by ons, insluitende die Engelssprekende: • maats van ons jongmense • familielede en vriende van gemeentelede • familielede en vriende van Afrikaanssprekende soekers en buite-kerklikes
4	**Uitreiking in Ons Gemeenskap** Ons reik aktief uit in ons gemeenskap, in terme van een of ‘n paar spesifieke programme (bv. ‘Bible in Schools’, bejaardes, gevangenes, weeskinders, bybelverspreiding, …)
5	**Uitmuntende Bedienings vir Standaard Behoeftes** Soos dit enige selfrespekterende Christen gemeente betaam, sorg ons met toewyding vir standaard behoeftes binne ons gemeente, met die bedienings vir kleuters, skoliere, tieners, jongmense, vroue, manne, alikreukels, gekneusdes, behoeftiges, gesinne, enkel ma’s, musiek & sang, gebed, …
6	**Strewe na Opregte en Diep Geloofservaring** Ons strewe na 'n gemeente met eredienste en lofprysing en aanbidding (’praise and worship’) waarbinne ons persoonlik God se teenwoordigheid, en die werking en gawes van die Heilige Gees kan ervaar
7	**Groei as Christene** Ons bied 'n omvattende program van toepaslike opleiding en ontwikkeling vir alle groepe in die gemeente aan (in vennootskap met ander plaaslike en oorsese kerke & organisasies) - sodat ons aanhoudend kan groei as Christene en toegerus word vir evangelisasie en uitreiking
8	**Bou Geloofsfamilie in NZ** Ons ontwikkel 'n sterk netwerk van gelowige geesgenote, wat ons geloofsfamilie en ondersteuning in NZ word
9	**Kapitaalkragtigheid** Ons toenemende kapitaalkragtigheid stel ons in staat om uitlewing aan ons drome te gee, wat genoeg leraars en 'n eie kerkgebou met toepaslike fasiliteite insluit (bv. vir ons Jeug & Jongmense)
10	**Eie Identiteit** Ons ontwikkel met sterk leierskap 'n eie identiteit as Christenkerk in NZ, wat nie noodwendig 'n vertakking van iets uit SA is nie